

VAN ONS SUSTERS

* Oktoberfees *

Die Susters se verkoping vind plaas op **Saterdag 30 Oktober 2021** en begin om **08:30 tot 12:00**.




Lidmate word hartlik uitgenooi om die Susters te kom ondersteun en die oggend saam met mede gemeentelede te geniet van ons heerlike koffie, tee, gebak, pannekoek en kerrie en rys en poeding vir middagete.

Wyksusters word vriendelik gevra om ingevulde verkopingslyste by enige lid van die Sustersbestuur of by Malie in die kantoor af te gee.
Nelly, nms Susters

WITOLIFANTTAFEL: OKTOBERFEES, 30 OKTOBER

As jy enige bruikbare artikel nie meer wil hê nie of dit lê in jou pad, dan is die witolifanttafel by ons Oktoberfees net die plek waar ons dit kan verkoop aan iemand wat dit nog kan gebruik. Ons dink veral aan ouer lidmate wat wil opruim by hulle huise omdat daar na baie jare se opgaan nie meer plek vir alles is nie – **bring daardie artikels vir die witolifanttafel!** Artikels kan voor 30 Oktober by die koster, Pieter Bouwsema by die kantoor afgegee word of selfs die dag van die verkoping nog gebring word.


Navrae by Flip Mostert en Faans Steyn



TEETUIN

*Kom geniet koek en tee by die teetuin
30 Oktober 2021 vanaf 08:30 tot 12:00*

*Bring jou hele
familie en
geniet die
oggend*



Op die Kerkwerf

Gemeenteblyd van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 37, nr 39 Sondag 17 Oktober 2021

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

rudyneel@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00

Prediker: Ds Jannes van Dyk 072 224 7181

Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951

Orrelis: Magda Pelsers-van der Merwe 079 872 2516 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384

E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za Web: www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 5 **Nelis Coetsee** en wyk 6 **Faans Steyn**. Diaken: Wyke 5 **Banie Nortjé** en 6 **vakant**

EREDIENSTE Albei dienste waargeneem deur Ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Voorafsang: Psalm 63:1, 2

Skriflesing: Psalm 42 (AFR'20). Teks: Psalm 42:8-9S

Tema: God wat golwe stuur, stuur in sy verbondstrou ook sy liefdevolle goedheid – daarom kan jy jou loflied sing!

Sang tydens die diens: Psalm 63:3, 4; Psalm 32:1, 3; Psalm 42:1, 2, 3; Psalm 42:4, 5

AAND:18:00.

Vooraf sang: Psalm 12: 1,6,7.

Skriflesing: Romeine 1:1-17; Galasiërs 1:1-24 (AFR'20).

Belydenis: Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 7.

Tema: Die Woord van God is genoegsaam, afgesluit en sonder gelyke!

Sang tydens die diens: Psalm 18:1, 11, 14; Psalm 89:1, 6; Psalm 119:39, 48.

Kollektes vanoggend: Diens van Barmhartigheid in die blou sakkies en vir **Emeritaatsversorging** in die rooi sakkies.

Vanaand: Diens van Barmhartigheid en **Kerkkas**

U word vriendelik versoek om vir die volle duur van die eredienste u masker te dra en om gesonde afstand te handhaaf.

LIEF EN LEED

Sr Henna Lasbuschagne is met kanker gediagnoseer en ondergaan Maandag 'n operasie om die gewas te verwyder. Ons bid haar en Lappies en hulle dierbares krag en sterkte toe. Ons bede is ook dat ons hemelse Vader volkome genesing sal gee.

Sr Hermien Van der Spoel is nog in Mediclinic. Ons bede is dat ons hemelse Vader die behandeling sal seën en dat sy spoedig weer haar kragte sal terugontvang.

Sr Meraaisie De Beer is die afgelope week in Mediclinic opgeneem vir toetse en ondersoek. Ons bede is dat die uitslae gunstig sal wees en dat enige behandeling wat sy mag ontvang, geseënd sal wees.

Sr Annemarie Steyn was vir 'n paar dae in Anncron hospitaal opgeneem vir kardiologiese toetse. Ons bid haar die krag en genade van ons troue Verbondsgod toe.

Sr Marie Kits het ook 'n kardiologiese ondersoek en toetse op Klerksdorp ondergaan. Ons bede is dat die behandeling waarop die kardioloog besluit geseënd sal wees en sy ook weer herstel van haar kragte sal ervaar.

Ons doen voorbidding vir prof. Callie Coetzee wat Vrydag 'n prosedure aan sy een oog ondergaan het om 'n katerak te verwyder. Op 22 Oktober sal hy dieselfde prosedure aan die ander oog ondergaan. Mag u deur hierdie twee prosedures lewenskwaliteit ontvang.

Sr. Magda Pelser-van der Merwe het ook Vrydag 'n prosedure aan haar oog ondergaan waartydens 'n membraan verwyder sal word. Ons verseker sr. Magda en br. Theo van ons voorbidding en dit is ons gebed dat ook sy deur hierdie prosedure lewenskwaliteit sal ontvang.

Ons doen ook voorbidding vir br. André Joubert wat Woensdag 'n doktersafspraak moet nakom. Dit is 'n opvolgondersoek.

Ons betuig ons innige meegevoel met Yolandé en Ds Jannes en hulle familie na die afsterwe van Yolandé se ouma die afgelope Maandag. Ons bede is dat ons hemelse Vader hulle baie ryklik sal vertrou en dat haar nagedagtenis vir hulle tot seën sal wees. Die begrafnis het gister (Saterdag) plaasgevind en is deur Ds Jannes waargeneem.

'n Dankwoord vanuit die pastorie Ons is die Here innig dankbaar dat Hy ons sy liefde en ontferming op 'n baie besondere manier kon ervaar die afgelope tyd met ons siekte en die dood van Yolandé se ouma. Nie alleen kon ons beleef en ervaar hoedat Hy persoonlik bemoedig en versterk en vertrous nie, maar dat Hy sy liefde ook konkreet deur u meelewing na ons toe laat vloei. Ons is baie dankbaar vir elke oproep, boodskap en blyk van meelewing en ondersteuning. Dit word opreg waardeer. Baie dankie.

VAN ONS KERKRAAD

BYBELSTUDIES

Di	19/10	15:00	Huis Eikelaan	Groot saal o.l.v. prof Callie
Wo	20/10	18:30	Jeugkamer	Daniël 10
Do	21/10	09:30	Konsistorie	Handelinge 8: 26 - 40

Katkisasie

	Sondag 17 Oktober	Sondag 24 Oktober
Lesrooster:	Les 19 en Sondag 19	Les 20 en Sondag 20
Psalmvers:	Psalm 31: 2	Psalm 31: 3
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 5: Gr 7 Ouderling wyk 6: Belydenisklas	Ouderling wyk 7: Graad 0 Ouderling wyk 8: Gr 1 & 2

So	17/10	Ná erediens	2021 Belydenisklas	NGB Les 20 HK Sondag 23 & 24
Wo	20/10	15:30-16.15	Gr8,9 katkisasie	Les 15

UITNODIGING AAN OUERS MET KINDERS

Ouers en hulle kinders (tot en met hoërskool) word hartlik uitgenooi na 'n bring-en-braaigeleentheid Saterdag 23 Oktober vanaf 15:00 – 18:00 op die kerkterrein. Elke gesin voorsien eie vleis, eetgerei en drinkgoed. Antwoord a.s.b. voor of op Woensdag 20 Oktober by Yolandé 084 597 8903. Kinders moet a.s.b. onthou om hulle swemklere en 'n handdoek saam te bring vir die waterglybaan!

Attestate

Die attestaat van sr Annatjie Slabbert is ontvang vanaf Ventersdorp. Ons heet haar hartlik welkom in ons gemeente. Sy woon op die plaas Muiskraal in die Rysmierbult-distrik en word geplaas in wyk 11 met ouderling Lappies Labuschagne en diaken Gert Kruger (Jnr)

Vergadering van ouderlinge met diakens

Vanaand na die aanddiens sal daar 'n buitengewone vergadering van die ouderlinge met die diakens plaasvind. Daar sal dan in besonder besin word oor die bediening van die diakens in die gemeente. U voorbidding vir hierdie vergadering word gevra.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



- 18 Okt **DJ Stoop**, Sellschopstraat 3, ☎ 018 297 4082. Wyk 18
19 Okt **Marietjie Havenga**, Pieter de Villiersstr 40, 072 142 2922.
Wyk 5
Dylan van Lith, Louis Leipoldtstraat 10. Wyk 9
14 Okt **Chris van Ryssen**, Huis Eikelaan S22, ☎ 083 264 3214. Wyk 15
22 Okt **Tjaart du Plessis**, Wilriepark 2, ☎ 082 628 8107. Wyk 7
Lola Kruger, Huis Anna Viljoen, ☎ 083 476 5757. Wyk 9

GESAMENTLIKE EREDIENS OP HERVORMINGSONDAG

Op **Hervormingsondag, 31 Oktober 2021** sal daar, soos gebruikelik, om 18:00 'n gesamentlike aanderediens van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom in die kerkgebou van GK Potch-Bult plaasvind.

VERGADERING VAN OUDERLINGE MET DIAKENS

Op 17 Oktober sal daar 'n buitengewone vergadering van die ouderlinge met die diakens plaasvind. Daar sal dan in besonder besin word oor die bediening van die diakens in die gemeente. U voorbidding vir hierdie vergadering word gevra.

Almanak 2022



Die 2022 ALMANAK van die GKSA kan in die kantoor bestel word voor of op 17 Oktober. Vir ons plaaslike lidmate is die prys R 100.

Die spesiale kollektes in Oktober 2021 gaan vir:

- Sondag 17 Oktober **Emeritaatsversorging**
Sondag 24 Oktober **Bybelverspreiding**
Sondag 31 Oktober **Thusofonds**

Die Kerkblad

Ondersteun Die Kerkblad asseblief. Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met Prof Callie of ouderling Piet Aartsma skakel. Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik. Intekengelde is R323 per jaar vir die hardekopie en R135 vir die elektroniese kopie (11 uitgawes)

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**. 680 340 137 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

Geopende Deure

FRONTLINE GELOOF

Vervolg **Maar nooit alleen.**

Posbus 1771. Cresta Suid-Afrika 2118 [+27 11 888 9341](tel:+27118889341) [+27 11 888 9362](tel:+27118889362)

Streek: Afrika **Meerderheidsgeloof:** Islam.

Bevolking: 20 903 000 **Christelike bevolking:** 4 965 000 (23,8%)

BURKINA FASO

Ná 'n brutale 2019, waartydens Christene deur militante geteiken en vermoor is, was daar minder hoë-profiel aanvalle in 2020. Die geweld het egter nog steeds voortgeduur – dit was net nie so sigbaar nie.

Geopende Deure beraam dat daar meer as een miljoen interne ontwortelde persone (IDP's) in Burkina Faso is, en baie is Christene. Ekstremistiese aanvalle het volgelinge van Jesus uit hul huise en dorpe gedryf, met baie wat na vlugtelingskampe gedwing is. *Geopende Deure*-vennote in Burkina Faso rapporteer dat daar geen oop kerke in dele van die noordooste van Burkina Faso is nie. Christene in dié gebied is grootliks gedwing om weens geweld deur Islamitiese ekstremiste te vlug. 'n Lae reënval en die COVID-19-pandemie het die situasie ook vererger.

Christene wat vanaf Islam bekeer is, staar groot druk en teenkating van hul families en gemeenskappe in die gesig. Families verwerp bekeerde Christene en nuwe Christene ervaar druk om hul nuwe geloof te verwerp. Dit beteken ook dat nuwe bekeerlinge vanaf Islam dikwels teënsinnig is om hul geloof openbaar te maak. Burkina Faso was lank bekend vir sy verdraagsaamheid teenoor verskillende gelowe, maar dié reputasie is toenemend in gevaar om in die slag te bly.

Ontmoet pastoor Samuel* “Ons het in noordelike Burkina Faso aanvalle teen Christene en teen ons kerke ervaar. Ons weet nie wie die aanvallers is nie en weet ook nie wie hulle befonds nie. Al wat ons weet, is dat hulle Christene aanval. Hierdie aanvalle het die lewens van ons mense verpletter. Ons is ontsteld en deurdrenk van pyn oor die dood van ons familielede.” *Naam vir sekuriteitsredes verander.

BID VIR BURKINA FASO

- Bid vir die Here se voorsiening in die lewens van ons ontwortelde broers en susters in Burkina Faso. Bid dat hulle nie deur vrees beheer sal word nie, maar dat hulle die vrede sal ervaar wat slegs die Here deur Sy Gees kan gee.
- Bid vir genade vir Christene om sterk te staan in hul geloof terwyl hulle toenemende vyandigheid in die gesig staar. Baie mense, insluitende Christene, is erg getraumatiseer deur die agteruitgang in sekuriteit en die ontworteling waaraan hulle blootgestel is. Bid asseblief dat die Here in hul lewens sal werk om genesing en vertroosting te ring.
- Dank die Here vir die Kerk se pogings om in die behoeftes van mede-Christene te voorsien deur kerkinsamelings.



Omgewingspitkos

Jy wat met grasia van God regeer, of as boer jou skure vul, of as stedeling jou dagtaak in 'n afgetakelde omgewing moet verrig, laat ons eers na 'n paar mooi lewensverrykers van die apostel Petrus (1 Petr.1 : 14) luister van hoe om ons lewens in te rig of toe te rus vir 'n bepaalde doel. Ons moet eenvoudig gereeld ons omstandighede waaronder ons leef nagaan, asook om met dankbaarheid kennis te neem van God se manier van omgee vir sy skepping. Begeerlikhede het miskien in ons onwetendheid net ekologiese flaters soos oormatige bevolkingsgroei, besoedeling en uitspattige lewenswyses tot gevolg gehad, want ons het gereken dat die natuur groot en verdraagsaam is. 'n Duidelike miskiening van God wat Homself as 'n Verbondsgod openbaar om beloftes van hoop in stand te hou.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstrain en bring dit kerk toe. Cup a soup, min noedels, kofie, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toilet papier.

